**Donderdag 25 Augustus**

**Skrifgedeelte: Johannes 5:18-29**
**Fokusgedeelte: Johannes 5:21**

## Wie lewe … en wie lewe nie?

In Jesus Christus se verhouding met sy Vader is daar liefde en gehoorsaamheid. Wat die Vader doen, doen die Seun ook. In Christus kan die wêreld sien wat die Vader doen. Hy gee lewe, die eintlike lewe. Sonder God is jy eintlik ’n lyk wat rondloop. Alleen in God deur Christus is daar lewe.

Dit is wat Christus vir ons gegee het:

- Hy het aan die kruis gesterf, sodat ons met die Here kan lewe …
- Hy het uit die dood opgestaan, sodat ons die ewige lewe kan hê …
- Hy het na die hemel opgevaar om vir ons by die Vader in te tree …
- Hy kom weer om ons in sy ewige heerlikheid in te neem.

Hierdie lewe, wat ons in Christus het, beteken vir ons:

- Ons word nie by die wederkoms veroordeel nie, want Jesus is reeds in ons plek veroordeel en Hy het die straf gedra.
- Ons lewe nou met die wete dat ons nooit alleen is nie, maar dat God altyd by ons is.
- Ons sal die ewige heerlikheid beërf.

Ons het die werklike lewe ontvang! Kan ons dan nog anders as om God gehoorsaam op sy Woord te volg, om onvoorwaardelik te bely en uit te leef dat ons in Hom glo?

Wat maak jy met jou Bybel … elke dag? Lewe jy … of is jy dood? “Dié wat U soek in stil vertroue, is by U veilig en behoue” (Ps. 9:7, berymd).

*Sing: Skrifberyming 15-7:1, 5, 6*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*